Helpmekaar Vrystaat

(Onder beheer en administrasie van die NG Kerk Vrystaat)

Geagte Student

Die Helpmekaar van die Vrystaat het ‘n inisiatief geskep waar die student kan teruggee aan sy/haar gemeente of die gemeenskap.

Studente kan op een van twee maniere Terug-Gee:

1. Betrokkenheid by ’n gemeente deur bv. deel te wees van die musiekbediening, kategese aan te bied, deel van die tegniese span by die gemeente of enige ander gemeentelike bediening wat deur die predikant bevestig kan word. Dit moet meer langtermyn van aard wees.
2. Deelname aan **ten minste twee** liefdadigheids-aksies. Dit sluit in die help by ’n sopkombuis, uitreik-aksie deur ’n gemeente, help by bv. die basaar of die gemeente se gholfdag, of soortgelyke projekte van die gemeente. Daar is reeds met Tweetoring gemeente in Bloemfontein gereël dat studente daar kan kom help indien daar ’n gebrek aan uitreik-aksies binne jou eie gemeente is. Hulp by ander liefdadigheidsinstansies sal ook in ag geneem word indien daar voldoende bewys gelewer kan word.

Om bewys te lewer van die studente se betrokkenheid of uitreik-aksies, vind u ’n vorm op die tweede bladsy van hierdie skrywe wat deur die predikant of hoof van die liefdadigheidsinstansies onderteken moet word.

Na die Junie vakansie is daar ‘n **verpligte** byeenkoms by die Tweetoring Kerk in Bloemfontein waar alle Helpmekaar studente bymekaar kom en aan ‘n uitreik sal deelneem. Verdere besonderhede sal gedurende die tweede kwartaal verskaf word.

Tweede uitbetaling: Met die opneem van die tweede uitbetaling neem die Studente Beampte die betrokkenheid van die verskeie uitreik-aksies **en** die Junie Eksamen uitslae in ag. Dit bepaal of die student in aanmerking kom vir die tweede uitbetaling.

Vir enige navrae, kontak Tertius by tbotha@ngkvs.co.za of 051 406 6700.

Helpmekaar Vrystaat
(Onder beheer en administrasie van die NG Kerk Vrystaat)

Student Naam en Van

Helpmekaar Terug-Gee-Aksie

Datum	Uitreik Naam en Beskrywing	Predikant/Instansiehoof
		Naam
		Handtekening

Datum	Uitreik Naam en Beskrywing	Predikant/Instansiehoof
		Naam
		Handtekening

Datum	Uitreik Naam en Beskrywing	Predikant/Instansiehoof
		Naam
		Handtekening

Datum	Uitreik Naam en Beskrywing	Predikant/Instansiehoof
		Naam
		Handtekening

Datum	Uitreik Naam en Beskrywing	Predikant/Instansiehoof
		Naam
		Handtekening